


Die sewe basuine



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 8:1–13; Númeri 10:8–10; Eségiël 10:2; Openbaring 10:1–11; Daniël 12:6, 7; Openbaring 11:1–13; Levítikus 16.

Geheeteks:

“Maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete.” (*Openbaring 10:7*).

Met die opmaak van die vyfde seël het ons die toneel gesien van hoe God se verdrukte volk se uitroep die getroue martelare deur al die eeue heen se uitroep weerspieël. Hierdie mense word as siele onder die altaar beskryf wat tot God uitroep dat geregtigheid en reg moet geskied: “Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser?” (*Openbaring 6:10*). Die stem vanuit die hemel het hulle aangemoedig om te wag, want die dag sou kom wanneer God hulle vervolgers sou oordeel. Openbaring 6:15–17 beskryf Jesus se terugkeer na hierdie aarde en hoe Hy kom om diegene wat sy getroue volgelingen verdruk het, te kom oordeel.

Die toneel van die vyfde seël verteenwoordig die ondervindinge van God se lydende volk regdeur die geskiedenis, vanaf Abel tot en met die einde wanneer God finaal sal oordeel en “die bloed van sy diensknegte” sal wreek (*Openbaring 19:2*). God se martelare moet vasstaan en glo dat God die gebede van sy volk verhoor. Die visioen van die sewe basuine toon dat, regdeur die geskiedenis, God reeds vir sy verdrukte volk ingetree het en hulle verdrukkers gestraf het. Die doel van die sewe basuine is om God se volk te verseker dat die hemel nie neutraal teenoor hulle lyding optree nie.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 16 Februarie.*

Die gebede van die heiliges

Openbaring 8 begin met 'n toneel van sewe engele wat voor God staan, gereed om hulle basuine te blaas. Voor die basuine geblaas word, word 'n ander toneel ingelas. Die doel daarvan is om die basuine se teologiese betekenis te verduidelik. Lees Openbaring 8:3, 4 saam met die beskrywing van die daaglikse diens in die tempel in Jerusalem hieronder: 'n Joodse Bybelkommentaar verduidelik dat tydens die aandoffer die lam op die brandofferaltaar geplaas was, en dat die bloed aan die onderkant van die altaar uitgegies was. 'n Diensdoende priester het dan die goue wierookbak in die tempel ingeneem en wierook op die goue altaar in die heiligdom geoffer. Daarna het die priester uit die heiligdom uitgekom en die wierookbak op die grond neergegooi met 'n groot geraas. Op daardie tydstip het die sewe priesters hulle trompette begin blaas en sodoende die einde van die tempeldiens vir daardie dag aangedui.

Die taalgebruik van die aandofferdiens word duidelik in Openbaring 8:3–5 gesien. Die engel wat wierook by die “goue altaar voor die troon” ontvang, is betekenisvol (*Openbaring 8:3*). Die wierook verteenwoordig die gebede van God se volk (*Openbaring 5:8*). Dus is die gebede wat die engel aan God bring, die gebede van God se volk wat vervolgt word. Hulle gebede word nou deur God gehoor.

Openbaring 8:3–5 verskaf belangrike inligting oor die basuine van Openbaring:

- Die sewe basuine simboliseer God se oordele oor die rebelse mensdom as antwoord op die gebede van sy verdrukte volk.
- Die basuine volg op die dood van Jesus, die Lam van God, en volg dan opeenvolgend op mekaar regdeur die geskiedenis tot die Tweede Koms (*sien Openbaring 11:15–18*).

Lees Openbaring 8:5 saam met Eségiël 10:2. Wat is die bron van die vuur wat op die vyande van God se volk gestrooi word? Hoe word die aard van die basuine in Openbaring deur Eségiël se visioen van die vuur wat op afvallige Jerusalem gestrooi word, verklaar?

Die engel vul die wierookbak met vuur wat van die altaar afkomstig is, en strooi dit op die aarde. Wat betekenisvol is, is dat die vuur afkomstig is van dieselfde altaar waar die gebede van die heiliges geoffer was. Dit toon dat die sewe basuine se oordele op die inwoners van die aarde val as antwoord op die gebede van God se volk. God se volk word nie vergeet nie, en God gaan vir hulle intree wanneer Hy dink die tyd reg is daarvoor.

Die betekenis van die basuine

Om God se ingryping namens sy volk aan te dui, word die basuine in Openbaring volgens die Ou Testamentiese gebruik daarvan, uitgebeeld. Trompette het 'n belangrike funksie in die daaglikse lewe van antieke Israel vervul (*sien Númeri 10:8–10 en II Kronieke 13:14, 15*). Hulle klank het die mense daaraan herinner om in die tempel te aanbid; trompette was ook tydens veldslae gebruik, gedurende oestyd en ook tydens feestye. Die geblaas van trompette het ook hand aan hand met gebed gegaan. Gedurende die tyd van aanbidding in die tempel of gedurende feestye het die trompette God “herinner” aan sy verbond met sy volk. Dit het ook die volk herinner om reg te wees vir “die dag van die Here” (*Joël 2:1*). Gedurende 'n oorlogsgeveg het die klank van 'n trompet saam met die volk se gebede God gevra om sy volk te help om die geveg te wen. Hierdie konsep vorm die agtergrond vir die basuine in Openbaring.

Lees Openbaring 8:13; 9:4, 20, 21. Vir wie is die oordele van die sewe basuine bedoel?

Die gebeurtenisse wat deur die basuine in Openbaring aangekondig word, dui God se ingryping in die geskiedenis aan as antwoord op die gebede van sy volk. Terwyl die seëls wat ooggemaak word hoofsaaklik met hulle wie bely dat hulle God se volk is, te doen het, kondig die basuine oordele oor die bewoners van die aarde aan (*Openbaring 8:13*). Terselfdertyd waarsku hulle ook die mense om tot bekering te kom voordat dit te laat is. Die sewe basuine verteenwoordig die verloop van die geskiedenis vanaf Johannes se tyd, tot en met die einde van die aarde se geskiedenis (*Openbaring 11:15–18*). Dit word geblaas terwyl intrede in die hemel plaasvind (*Openbaring 8:3–6*), en die evangelieboodskap op die aarde gepreek word (*Openbaring 10:8–11:14*). Die oordele wat die basuine aankondig, was en is net gedeeltelik; dit het net een derde van die skepping getref. Die sewende basuine kondig aan dat die tyd aangebreek het vir God om sy regmatige heerskappy te begin. Die sewe basuine dek ongeveer dieselfde periodes as die van die sewe kerke:

- (a) Die eerste twee basuine kondig die oordele aan oor die nasies wat Christus gekruisig het en die vroeë kerk vervolg het, oor Jerusalem se mense wat gerebelleer het, en oor die Romeinse Ryk.
- (b) Die derde en vierde basuine beeld die hemel se reaksie op die afvalligheid van die middeleeuse en na-Hervormingstydperke uit.
- (c) Die vyfde en sesde basuine beskryf die toestand van die sekulêre wêreld gedurende die nasleep van die Eeu van Verligting, wat gekenmerk word deur uitgebreide demoniese aktiwiteite wat die wêreld by die stryd van Armageddon betrek.

Daar is geen twyfel nie, die aarde se geskiedenis is met bloed en met pyn en hartseer gevul. Hoe behoort hierdie droewige realiteit ons te help om te besef net hoe wonderlik Jesus se beloftes aan ons werklik is?

Die engel met die geopende boekie

Die sesde basuin bring ons by die eindtyd. Waarvoor word God se volk gedurende hierdie tydperk geroep? Voordat die sewende basuin blaas, word 'n tussenspel ingelas om die taak en ondervinding van God se volk gedurende die eindtyd te verduidelik.

Lees Openbaring 10:1–4. Wat gebeur hier?

Hierdie engel wat die voorkoms van Christus het, hou 'n geopende boekie. Hy staan met sy voet op die see en die land en dit dui sy universele heerskappy aan, en dit wat Hy gaan aankondig vir die hele wêreld belangrik is. Hy roep met 'n stem soos die gebrul van 'n leeu. 'n Leeu se gebrul simboliseer God se stem (*sien Hoséa 11:10*). Johannes word nie toegelaat om wat die donderslae sê, neer te skryf nie. Daar is toekomsdinge wat God nie aan Johannes geopenbaar het nie.

Lees Openbaring 10:5–7. Vergelyk hierdie skrifgedeelte met Daniël 12:6, 7. Watter woorde het hulle in gemeen?

Wanneer die engel verklaar “dat daar geen tyd meer sal wees nie” (*Openbaring 10:6*), toon die Griekse woord *chronos* dat hy na 'n tydperk verwys. Dit verwys terug na Daniël 12:6, 7, waar 'n engel verklaar dat die vervolging van die heiliges 'n tyd, tye en 'n halwe tyd, of 1,260 years (538–1798 n.C.) sal duur. 'n Kort tyd na hierdie profetiese periode, sal die einde aanbreek.

Die verklaring dat daar geen tyd meer sal wees nie verwys na die tydprofesieë van Daniël, en spesifiek na die 2,300 profetiese dae van Daniël 8:14 (457 v.C.–1844 n.C.). Na hierdie periode sal daar nie meer profetiese tydperiodes wees nie. Ellen White verklaar: “Hierdie tyd wat die engel plegtig na verwys, is . . . profetiese tyd wat die koms van ons Heer vooraf sal gaan. Met ander woorde, die mense sal nie nog 'n boodskap oor 'n definitiewe tydperiode ontvang nie. Na hierdie tydperiode wat vanaf 1842 tot 1844 gestrek het, word daar nie 'n definitiewe profetiese tydperiode nagespoor nie. Die langste berekening strek tot die herfs van 1844.” — Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 7, bl. 971, (vrye vertaling).

Wat vertel dit aan ons oor hoekom ons alle datumvoorspellings oor die toekoms moet vermy?

Die eet van die boekie

Lees Openbaring 10:8–11. In die Bybel word die woord eet gebruik om God se boodskap wat aan die mensdom verkondig moet word, te aanvaar en jou eie te maak (*sien Eségiël 2:8–3:11, Jeremia 15:16*). Wanneer die boodskap ontvang word, is dit goeie nuus; maar wanneer dit verkondig word, word dit ‘n bitterondervinding omdat dit deur baie teengestaan en verwerp word. Johannes se bittersoetondervinding toe hy die boekie geëet het, het met die verklaring van Daniël se eindtydprofesië te doen. Johannes verteenwoordig hier die kerk wat opdrag ontvang om die evangelieboodskap na afloop van Daniël se 1,260 dae tydprofesie, te verkondig.

Die konteks dui aan dat Johannes se visioenondervinding na ‘n ander bittersoetondervinding aan die einde van die profetiese 2,300-jaar verwys. Toe die Milleriete gedink het dat Christus in 1844 sou terugkeer, was hulle boodskap wat op die Daniëlprofesië gebaseer was, ‘n soetondervinding vir hulle gewees. Maar, toe dit nie gebeur het nie, het die boodskap wat hulle verkondig het, ‘n bitterondervinding vir hulle geword. Johannes se opdrag: “Jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en tale en konings”, verwys na Sabbathoudende Adventiste wat aangestel was om die boodskap van die Tweede Koms saam met Daniël se profesië te verkondig.

Lees Openbaring 11:1, 2. Wat word Johannes beveel om te doen?

Hierdie skrifgedeelte volg op die toneel van Openbaring 10. Johannes was beveel om die tempel en die altaar en die aanbidders te meet. Die konsep van meet in die Bybel is ‘n figuurlike verwysing na oordeel (*sien Mattheüs 7:2*). Die tempel wat gemeet moes word, is in die hemel waar Jesus namens ons intree. Die tempel, die altaar en die aanbidders verwys na die Dag van Versoening (*sien Levitikus 16:16–19*). Die Dag van Versoening was ‘n dag waarop daar “gemeet” was, omdat God uitspraak oor die sondes van sy volk gelewer het. Openbaring 11:1 verwys dus na die oordeel wat plaasvind voor die Tweede Koms. Hierdie oordeel het uitsluitlik met God se volk te doen – die aanbidders in die tempel. Openbaring 11:1 toon dat die hemelse heiligdomboodskap die kern van die verkondiging van die finale evangelieboodskap is. Dit behels die regstelling van God se karakter, en sluit die volle omvang van die evangelieboodskap in met betrekking tot die versoeningswerk van Christus en sy geregtigheid, die enigste middel tot verlossing van die mensdom.

Deur in gedagte te hou hoe bloed die middelpunt van die Dag van Versoeningsritueel was (*sien Levitikus 16*), hoe kan ons altyd die oordeel as goeie nuus beskou? Hoekom is hierdie waarheid so belangrik?

Die twee getuies

Lees Openbaring 11:3–6. Op watter manier weerspieël die twee getuies Serubbábel en Josua in hulle koninklike en priesterlike rolle? Sien Sagaría 4:2, 3, 11–14.

Die gedagte van die twee getuies kom van die Joodse regstelsel wat twee getuies vereis het om iets as waar te bevestig (*Johannes 8:17*) het. Die twee getuies verteenwoordig die Bybel; maar hulle mag ook God se volk verteenwoordig wat van die Bybel getuig. Die twee verteenwoordigers kan nie van mekaar geskei word nie, want God se volk word geroep om die Bybel aan die wêreld te verkondig. Die getuies word as profete wat met sakke bekleed is, voorgestel, en profeteer gedurende die profetiese periode van 1,260 jaar (538–1798 n.C.). Dit verwys terug na Openbaring 10:11, waar Johannes meegedeel word dat hy weer moet profeteer. Dit toon dat hierdie opdrag om te profeteer ook van toepassing op die kerk is, wat moet aanhou om God se waarheid aan die wêreld te verkondig. Sakke stel ‘n roukleed voor (*Génesis 37:34*); dit dui op die moeilike tyd waardeur God se volk moet gaan terwyl hulle “weer profeteer”.

Lees Openbaring 11:7–13. Beskryf in jou eie woorde wat met die twee getuies aan die einde van die profetiese 1,260 dae gebeur het.

Die dier wat die twee getuies doodmaak, verrys uit dieselfde afgrond waaruit die Satan kom. Hierdie doodmaak van die twee getuies is op die historiese ateïstiese aanval op die Bybel en die afskaffing van godsdiens tydens die Franse Rewolusie, van toepassing. Hierdie antigodsdienstige stelsel het uit die morele verval van Sodom, die ateïstiese verwaandheid van Egipte en die opstandigheid van Jerusalem bestaan. Wat met Jesus in Jerusalem gebeur het, gebeur nou met die Bybel in hierdie antigodsdienstige stelsel. Die opstanding van die twee getuies verwys na die groot hervorming of belangstelling in die Bybel gedurende die nasleep van die Franse Rewolusie wat tot die totstandkoming van Bybelverenigings en verskeie sendelingbewegings gelei het, met die doel om die Bybel te versprei.

Net voor die einde sal die wêreld ‘n prediking van die Bybel beleef soos nog nooit tevore in die geskiedenis ondervind was nie. Hierdie finale verkondiging van die Woord sal ‘n bittersoet uitwerking hê omdat dit die teenkanting van kragtige demoniese aktiwiteite sal verwerk wat wonderwerke sal bewerk om die wêreld in die finale stryd teen God se gelowige getuies te verlei (*sien Openbaring 16:13–16*).

Vir verdere studie:

Die sewende basuin (*Openbaring 11:15–18*) kondig die einde van hierdie wêreld se geskiedenis aan. Die tyd het vir God aangebreek om sy mag en heerskappy te openbaar. Hierdie opstandige planeet wat onder die oorheersing van die Satan vir duisende jaar gebuk gegaan het, is gereed om weer deur God beheer en regeer te word. Dit was na Christus se dood op die kruis en met sy hemelvaart na die hemel dat Satan, die indringer, vir ewig uit die hemel verban was. Christus is toe as die wetlike heerser van die aarde ingehuldig (*Openbaring 12:10*), alhoewel Satan aanhou om soveel verwoesting as wat hy kan, te saai, omdat hy weet dat sy tyd kort is (*Openbaring 12:12*). Die sewende basuin kondig aan dat die indringende magte finaal afgeweer is en dat hierdie wêreld nou uiteindelik weer deur Hom regeer sal word. Die sewende basuin beeld die inhoud van die tweede helfte van die boek wat met die finale gebeure te doen het, uit: (1) Die nasies was vertoorn: *Openbaring 12–14* beskryf Satan wat woedend is (*Openbaring 12:17*), en wat saam met sy twee bondgenote — die dier uit die see en die dier uit die aarde — die nasies van die wêreld voorberei om teen God se volk te veg. (2) U toorn het gekom: God reageer op die nasies wat vertoorn is deur die sewe laaste plae te stuur, en daar word daarna verwys as die grimmigheid van God (*sien Openbaring 15:1*). (3) Die tyd van die oordeel van die dode word in *Openbaring 20:11–15* beskryf. (4) En God se diensknegte wat beloon word, word in *Openbaring 21–22* beskryf. (5) Om die verderwers van die aarde te verderf: *Openbaring 19:2* verklaar dat die eindtyd-Babilon geoordeel word omdat dit die aarde verwoes het. Die vernietiging van Satan, sy engele en sy twee bondgenote is die laaste toneel in die drama van die groot stryd (*Openbaring 19:11–20:15*).

Vrae vir bespreking:

1. Somtyds ondervind ons dat die prediking van die evangelieboodskap bitter kan raak (*Openbaring 10:10*); ons woorde word verwerp, bespot, en onself kan verwerp en bespot word. Soms kan die prediking van die Woord selfs opposisie verwek. Watter Bybelkarakters kan jy aan dink wat sulke beproewings moes deurmaak, en wat kan ons uit hulle ondervindings leer?
2. Dink na oor die volgende verklaring: “Weer en weer was ek teen datumvasstelling gewaarsku. Daar sal nooit weer ‘n boodskap vir die volk van God wees wat op datumvasstelling gebaseer is nie. Ons het nie nodig om die spesifieke tyd vir die uitstorting van die Heilige Gees of vir die koms van Christus te weet nie.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 1, bl. 188, (vrye vertaling). Watter gevare sien jy raak met die opstel van gedetailleerde profetiese tydlyne van die finale gebeurtenisse na 1844? Hoe kan ons onself teen die onvermydelike valstrikke beskerm wat sulke tydlyne teweeg kan bring?